# 30 Maart 2024 - Lesing 274 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Deur die Liefde kom julle tot insig – 24/3/62

**NO: 8134** Ek wil My teenoor julle uiter, sodat julle kennis kan verkry ooreenkomstig die waarheid en vanuit hierdie kennis sal julle nou ook leer om julle aardse lewe **met ander oë** te bekyk, sodat julle dit dan **ten volle bewustelik sal leef in verbinding met My** en julleself gereedmaak om geleidelik krag te ontvang.

Want julle mense is kragteloos, solank julle geen **beroep doen** op die toevoer van My krag nie. Die lewenskrag staan weliswaar tot julle beskikking, maar as julle dit nie volgens My Wil toepas nie, sal julle aan die einde van julle lewe in die gunstigste geval aardse goedere versamel het, **wat julle egter moet agterlaat wanneer die uur van die dood aangebreek het**.

Rig julleself egter volgens My Wil, dan kan julle ook met julle lewenskrag goedere vir julleself verwerf, **wat blywend is en wat julle sal volg na die geesteryk.** Julle kan vir julle ook 'n onafgebroke verbinding met My geestelike krag verwerf - en dan eers vervul julle julle eintlike lewensdoel.

Die kennis daaroor wil Ek aan julle verskaf, **want julle is sonder insig solank as wat dit julle nog aan liefde ontbreek**, - as julle nog geen **werke van liefde** verrig nie, - waartoe die lewenskrag julle egter in staat stel.

Dit is dus My Wil **dat julle moeite sal doen** om in die liefde te lewe. Dan versamel julle vir julleself geestelike goedere en dan ontsteek julle in julleself 'n lig wat vir julle insig beteken, **'n kennis wat ooreenstem met die waarheid.**

Dan bring julle ook die verbinding met My tot stand en dan kan **regstreekse krag aan julle gestuur word**. En julle sal die weg wat omhoog gaan, aflê en strewe na voleinding, **julle sal die doel bereik** wat die sin is van julle aardse lewe.

Solank hierdie kennis egter totaal ontbreek by julle, is julle nog geestelik blind en leef julle slegs vir hierdie wêreld. Al julle gedagtes is slegs op die aardse gerig en julle gebruik julle lewenskrag slegs vir die welsyn van julle liggaam, aan die siel in julle dink julle egter nie.

Maar die liggaam is verganklik, **die siel daarenteen kan nie vergaan nie** en oor haar lot moet julle julleself bekommer. **Sy het krag nodig** wat julle haar slegs kan gee indien julle werke van liefde verrig, as julle julleself innig met My verbind in gebed, as julle dit moontlik maak dat Ek julle regstreekse krag kan laat toekom, **as julle My Self tot julle laat spreek**.

Dan word aan julle 'n mate van krag toegestuur wat julle in staat sal stel om 'n korrekte lewenswandel te loop op hierdie aarde. **Die regstreekse toespreking is 'n oordrag van krag** van groot betekenis en daarom sal Ek altyd bereid wees om tot julle te spreek, omdat julle almal baie krag nodig het, omdat julle almal nog te min liefde beoefen en daarom is die toestroming van die krag van liefde ook nog gering.

Maar Ek wil julle aanspoor tot liefde. Ek wil julle in alle wysheid onderrig **wat julle moet doen op aarde om salig te word,** soos wat julle was in die allereerste begin. Ek wil in julle 'n lig aansteek, omdat julle self in duisternis ronddwaal. Maar julle moet self bereid wees om hierdie lig aan te neem, **julle moet julleself vrywillig oopstel en My aanspreking aanhoor**, wat julle sal doen as julle My nie regstreeks verneem nie, **maar My dienare wat My Woord aan julle oorbring, - gewillig aanhoor**.

Julle sal groot seën ondervind deur julle bereidwilligheid om My aan te hoor, want die krag sal julle binnestroom, - **omdat My Woord met My Krag geseënd is**.

En die lig in julle sal in intensiteit toeneem, hoe meer julle My die geleentheid gee om julle aan te spreek. **Julle sal in kennis toeneem** en julle sal ook bemerk dat dit **waarheid** is wat aan julle oorgebring word, want **slegs die waarheid het die krag** om julle tot voleinding te bring.

En as julle in besit van die waarheid wil kom, dan moet julle julleself aan My as die ewige Waarheid toevertrou. Julle moet julleself met My verbind **in gebed of deur werke van liefde** en julle wil moet steeds op My gerig bly. Julle sal dan vervul word met 'n kennis volgens waarheid, want Ek het julle Self die belofte gegee:

1. dat Ek julle sal binnelei in die waarheid,
2. dat Ek My Gees vir julle sal stuur,
3. dat Ek Self by julle sal bly tot aan die einde.

En waar Ek is, is ook die **Waarheid**. Waar Ek is, is die **Liefde** en waar Ek is, is ook die **Bron** van krag van die ewigheid.

Daarom moet julle slegs vurig verlang na My nabyheid, My teenwoordigheid en waarlik, julle sal nie leeg heengaan nie. Julle aardse lewe sal nie tevergeefs geleef wees nie. Julle sal 'n oormaat van lig en krag kan ontvang **en na julle dood sal julle kan ingaan in die Ryk van Lig en Saligheid**. Amein.